Brief 8

Kennisgewing oor rekord wat gevind is en toegestaan word – Artikel 23(4)

Verw.no. : ***Inrigting se briefhoof***

Navrae :

KENNISGEWING VAN REKORD WAT OPGESPOOR IS INGEVOLGE ARTIKEL 23(4) VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)

Ek verwys na u versoek om toegang tot rekords van hierdie inrigting, gedateer _____ en my **antwoord daarop gedateer _____.

U word hiermee in kennis gestel dat die lêer agterna **opgespoor** is en dat toegang tot die inligting wat versoek is, toegestaan is.

U het toegang in die volgende **vorm** versoek: _____

Vorm waarin toegang verleen sal word is as volg: _____

*Toegang kan egter nie in die vorm wat versoek is, verleen word nie omdat

_____

*Die rekord is nie in _____ (die taal waarin dit versoek is) beskikbaar nie en daarom sal dit in _____ verskaf word.

Toegangsgeld

*Ingevolge artikel 25(2)(a) van bogemelde Wet, moet u toegangsgeld van R_____ betaal. Dit is die koste vir afdrukke van die rekord/transkripsie van die inhoud en/of posgeld en/of tyd wat nodig was om die rekord te soek of reëlings daarvoor te tref. Toegang sal na betaling van dié toegangsgeld aan u verleen word.

Omdat die verwagte soektog na die rekords langer as die ses ure voorgeskryf in die Regulasies in beslag sal neem, sal u ingevolge die bepalings van artikel 22(2) van bogemelde Wet, ‘n deposito van R _____ as ‘n deposito op toegangsgeld moet betaal. Dit maak ongeveer ‘n derde van die voorgeskrewe gedeelte van die toegangsgeld uit, wat ongeveer R _____ sal bedra. Die balans van die toegangsgeld moet voor toegangsverlening betaal word. (Die toegangsgeld is bereken ooreenkomstig die tariewe in voormelde Regulasies en is uiteengesit in die aangehegte faktuur.)

Reg tot appèl

Ingevolge artikel 22(3) van bogemelde Wet kan u ‘n interne appèl aanteken teen die betaling van die deposito op die voorgeskrewe gedeelte van die toegangsgeld.

Indien u teen die betaling van die deposito op die voorgeskrewe gedeelte van die toegangsgeld wil appelleer, sal u ‘n interne appèl ingevolge die bepalings van artikel 74 van bogemelde Wet, aan die Tersaaklike Owerheid (Hoof: Onderwys, Wes-Kaap Onderwysdepartement) moet rig.

Ingevolge die bepalings van artikel 75 van bogemelde Wet, moet so ‘n interne appèl binne 60 dae op die voorgeskrewe interne appèlvorm (VORM C) by die Inligtingsbeampte van hierdie inrigting afgelewer of aan hom of haar gestuur word.

Posadres : _____
Kontaktelefoonnommer: _____
Faksnommer : _____
E-posadres : _____

Indien u nie tevrede is nie nadat die interne appèlprosedure uitgeput is, kan u deur middel van ‘n aansoek binne 30 dae by ‘n hof om paslike regshulp aansoek doen.

ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE
DATUM:

**Skrap indien nie van toepassing nie.*
***Brief 7*